

## **Skriflesing: Psalm 41:2 en Spreuke 14:21, 31 en Matteus 5:7**

**Matt 5:7 uit die Boodschap: Gelukkig is julle wat regtig vir ander mense omgee. God sal binnekort vir julle wys presies hoeveel Hy vir julle omgee.**

**In Matt 9:13 wys Jesus godsdienstigheid waarin allerlei voorskrifte noukeurig nagekom word maar liefde en barmhartigheid, as eintlike eis van die wet, nie geleef word nie, af.**

**Tema: Liefde het geen brieke nie.**

Daar is 'n kostelike storie oor die brandweer op 'n verafgeleë plattelandse dorpie. Die brandweer se begroting was maar skraps en die brandweerwa waarmee hulle gery het regtig vrek oud. Op 'n dag breek 'n groot veldbrand op 'n boer se plaas uit en die brandweerspan se hulp word ingeroep. Hulle kom met hulle stokou brandweerwa met 'n klok wat hard lui op die toneel aan en jaag tot binne-in die vuur. Blitsvinnig spring hulle uit en begin verwoed die vuur blus. Nadat hulle die brand suksesvol bestry het, was die boer só beïndruk dat hy aan hulle 'n donasie van R2000 gegee het. Die plaaslike koerantman het nader gestaan en vir die hoof van die brandweer gevra: "Wat gaan julle met die R2000 doen?" Die hoof van die brandweer het sonder aarseling geantwoord: "Brieke van die brandweerwa herstel!"

Barmhartigheid is liefde in aksie. Dit is liefde met geen brieke nie.

Barmhartigheid is om in 'n ander ou se skoene te klim en te sien soos hul sien, te dink soos hulle dink en te voel soos hulle voel. Dit is wat God, deur Jesus Christus, vir ons gedoen het. Sulke barmhartigheid bring jou en my by plekke uit waar ons dit nooit sou gewaag het nie. Dit bring ons by mense waarby ons nie sommer sou gekom het nie. Hierdie liefde ondersteun hulle in nood en vergewe mense wat ons te na gekom het.

As ons praat oor barmhartigheid, dan is daar vele verwysings en verhale daaroor in die Bybel. Barmhartigheid begin by God. Hy is die groot Barmhartige.

Ons lees in Ps 103:8: "Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde."

In Luk 10 lees ons van die barmhartige Samaritaan.

In Matt 25 lees ons van die laaste oordeel waar die skape van die bokke geskei het. Jesus sê daar: "Vir sover julle kos, drinkgoed, huisvesting, klere, verpleging, 'n besoek aan een van die geringstes van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen."

In Jak 2:14-17 lees ons: "Wat help dit, my broers, as iemand beweer dat hy glo, maar sy daade bevestig dit nie? Kan so 'n geloof 'n mens red? Sê nou daar is 'n broer of 'n suster wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly, en sê nou een van julle sou vir hulle sê: "Mag dit met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en eet genoeg," maar julle gee nie vir hulle wat hulle nodig het om van te lewe nie, wat help dit dan? So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot daade oorgaan nie, is dit sonder meer dood."

As jy nie barmhartig leef nie, word die egtheid van jou geloof hier bevraagteken.

Hierdie barmhartigheid kom nie sommer vanself nie. Soos sagmoedigheid en geregtigheid in die vorige twee saligsprekinge begin dit ook by God.

Alleen as ek in 'n lewende verhouding met die Vader, Seun en Heilige Gees staan, sal ek barmhartig kan wees. Wanneer Sy hart in my klop, maak Hy my oorvol van Sy barmhartigheid sodat dit oorvloei na ander. So raak ek 'n fontein van liefde sonder brieke.

Walter Lüthi vertel 'n storie wat dit pragtig verduidelik: Hy onthou uit sy kleintyd dat hulle buurman teen hulle grensdraad 'n appelboom gehad het wat die begeerlikste appels gedra het. Om die versoeking nog groter te maak, het een van die takke oor die

draad gehang tot in hulle erf. Hy vertel dat op 'n goeie dag hy net nie meer kon uithou nie. Hy het onder die boom gaan staan om een van die appels te pluk. Hy was te kort om by te kom. Terwyl hy sy bes doen om 'n appel in die hande te kry, sien hy hul buurman raak. Dié het nog die heelyd die petalje staan en aanskou. Maar toe gebeur die wonderlikste ding, vertel Lüthi. Die buurman was nie kwaad nie. Hy was vriendelik. Toe hy sien dat die seuntjie nie die appels bykom nie, begin hy pluk en oor die draad vir hom aangee... en aangee... en aangee. Toe sy sakke en arms vol was, sê die buurman: Nou is daar soveel dat jy, wanneer jy klaar geëet het, nog genoeg sal oorhê om vir jou boeties en sussies te gee! So werk Christelike barmhartigheid, God skenk vir jou soveel dat dit jou vul en uitvloei na ander.

Dan geld Paulus se aanhaling van Jesus in Hand 20:35: "Deur my voorbeeld het ek in elke opsig vir julle gewys dat ons hard moet werk sodat ons die armes kan help. Onthou die woorde van die Here Jesus. Hy het self gesê: Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang."

Wanneer ek so barmhartig is, word aan my barmhartigheid bewys. Ek sluit af met 'n laaste verhaal waaruit dit duidelik blyk dat barmhartigheid vir die doener van barmhartigheid ook baie beteken.

### **Die Viooltjie-Tannie:**

Op 'n keer was 'n student baie besorg oor sy tannie. Sy het herhaaldelik probeer selfmoord pleeg en was skynbaar sielsongelukkig. Die student het 'n beroemde sielkundige, Milton Erickson, om hulp genader. Hy het onderneem om die student se tannie te sien. Maar in plaas daarvan dat hy haar na sy spreekkamer laat kom het, daag hy toe by haar huis op. Daar het sy alleen saam met haar huishulp gebly. Toe sy die deur oopmaak, het hy hom aan haar bekend gestel en gevra of sy so gaaf sou wees om hom haar huis te wys. Heel verras, maar tog nuuskierig, het sy ingestem. In die sonkamer het rye en rye potte met die pragtigste viooltjies gestaan. Sy het dadelik aan hom vertel dat sy van kleins af 'n groeihand gehad het met viooltjies. Hy het ook in 'n latere gesprek ontdek dat haar enigste kontak met ander mense Sondag se eredienste was. Toe hierdie sielkundige vertrek, sê hy vir haar: "Hier is jou voorskrif: stuur jou huishulp na die kwekery om blompotte te koop sodat jy viooltjies daarin kan kweek. Wanneer 'n baba in die gemeente gebore word, wil ek hê dat jy met die doop viooltjies vir die ouers moet gee. Wanneer 'n paartjie trou, wil ek hê dat jy ook vir die bruid viooltjies sal gee. Wanneer iemand in die gemeente 'n krisis het, stuur viooltjies aan die persoon."

Hy is daar weg en het van die vrou vergeet. Twintig jaar later sien hy 'n berig in die plaaslike koerant met die opskrif: "VIOOLTJIES-KONINGIN STERF OP 76" Die berig het vertel hoe hierdie vrou die gemeente en gemeenskap opgehelder het met haar viooltjies en dat sy baie geliefd was. Geliefdes, dit is 'n verhaal wat vertel hoe liefdesdade die viooltjie tannie self uit haar eie ongelukkigheid geneem het en vir soveel ander ook opgebeur en betekenisvol laat voel het. Sy en al die ander van haar gemeenskap het daarby gebaat.

Barmhartigheid is een van die mooiste dinge wat 'n mens aan 'n ander mens kan doen. Dit is om met God se hart iemand anders te dien. Wanneer jy dit doen, ontvang jy ook seën daaruit.

Kan ek jou vra: "Is jy so barmhartig of het jou liefde brieke?"

**Amen**